**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**TIK SG**
**(Eerste Vraestel: Vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets)**

# POSSIBLE ANSWERS OCT / NOV 2006

## VRAAG 1
## TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

Die tydnoukeurigheidstoets moet in dubbel- of 1½-reëlafstand op slegs een kant van die bladsy getik word. Gebruik kantruimtes van 10º. 'n Minimum van 35 w.p.m. word verwag en die grense word deur (...) aangedui.

**TYD: 10 MINUTE** **[60]**

Elke onderneming vervaardig 'n produk of lewer 'n diens om te voorsien in die behoeftes van sy kliënte. Operasionele bestuur verwys na daardie bestuursaktiwiteite wat plaasvind om produkte en dienste daar te stel. Operasionele bestuur word gedefinieer as die bestuur van die hulpbronne benodig om die produkte en dienste wat deur die onderneming gelewer word; tot stand te bring. Operasionele bestuur is verantwoordelik vir die ontwerp en bedryf van vervaardiging, vervoer of verskaffing van produkte, asook vir die lewering van dienste.

Vroeër het operasionele bestuur bekend gestaan as produksiebestuur. Dié term impliseer egter dat dit slegs gaan om vervaardiging wat hoegenaamd nie die geval is nie. Die beginsels van produksiebestuur vind baie wyer toepassing as slegs by vervaardiging, vandaar die benaming operasionele bestuur om dienslewering in te sluit.

Operasionele bestuur is verantwoordelik vir die uitset wat die onderneming lewer. Dit mag 'n tasbare produk, 'n nie-tasbare diens of 'n liefdadigheidsopdrag wees wat die resultaat van 'n onderneming se werksaamhede is, maar waar dit gaan om die vervulling van 'n markbehoefte, daar speel die operasionele bestuur 'n rol.

Die bemarkingsafdeling moet begrip hê vir die aard van die transformasieproses en wel hoe dit sperdatums vir aflewering raak, in watter mate produkte vir spesifieke klante doelgemaak kan word en wanneer die vervaardiging van 'n nuwe produk moontlik sal wees.

Die operasionele bestuurder benodig op sy beurt vooruitskattings van vraag na die produkte van die onderneming. Insette vir vraagvooruitskatting word gewoonlik verskaf deur die bemarkingsafdeling. Hier-
die ........................................ (35 wpm)
vraagvooruitskattings is nodig vir die lang termyn, veral waar daar 'n nuwe produk beplan word, asook op die korter termyn om aan te dui watter produkte onmiddellik benodig word. Vraagvooruitskatting word later in meer besonderhede bespreek. ........................ (40 wpm)
Verder kan die bemarkingsafdeling dikwels terugvoer vanaf die klant lewer oor aspekte soos die ontwerp, afwerking, gebruiksnut, kwaliteit en voorkoms van die produk.

Een van die operasionele bestuurder se belangrikste verantwoordelikhede ......................... (45 wpm)
is voorraad. Voorraad bestaan uit drie komponente, naamlik grondstowwe, halfklaarprodukte en klaarprodukte. 'n Praktiese voorbeeld illustreer die verwantskap tussen bemarking en operasionele bestuur aangaande klaarproduktevoorraad. Wanneer ................ (50 wpm)
'n toevallige gebeurlikheid veroorsaak dat te veel klaarprodukte in voorraad ophoop, is dit baie duur vanweë al die kapitaal wat daarin opgesluit is. Indien so 'n situasie onstaan, kan die bemarkingsafdeling deur 'n aggressiewe bemarkingspog- ..................... (55 wpm)

**TOTAAL: 60**

**EINDE**